




**Skrifstrokie 31: d & D, e & E en f & F**

Oefen om hierdie woorde en sinne in lopende skrif te skryf. Trek dit na en skryf dit dan self oor.

d D d D

d

e E e E

e

f F f F

f

Daniel, Elmien en Frans.

D

padda, dam, eend, foto.

p

Elmien neem 'n foto van

die padda. Elmien neem 'n

foto van die padda.



Gr 3 Huistaal werksboek.indd 37 2018/11/23 10:14 AM

Week 12

## Skrifstrokie 32

Oefen om hierdie spel- en sigwoorde in lopende skrif te skryf. Trek die woorde eers na en dan skryf jy dit ook self. Onthou om jou werkboek skuins te hou.

### Spelwoorde

blink, jonk, tenk, sink.

bl

sing, wang, ring, tong.

si

### Sigwoorde

dink, dankie, bring, langs.

di





Lees die sin wat in lopende skrif geskryf is. Trek dan die sin na en skryf dit ook self. Skryf dan dieselfde sin in drukskrif, sodat jy nie vergeet hoe om drukskrif te skryf nie.

Ek is bang vir 'n slang.


E

E





# Skrifstrokie 33



Lees hierdie sinne saggies vir jouself. Skryf daarna die sinne op jou mooiste op hierdie bladsy oor in drukskrif. Probeer om alles af te skryf, maar ook om so netjies as moontlik te skryf. Jy gaan nie reëls oorslaan wanneer jy skryf nie, daarom moet jy nie te groot skryf nie.

Eendag lank, lank gelede gaan 'n klein leeu se ma 'n bok vang. "Kom saam, jong," nooi sy, maar Klein Leeu is te bang. Sy ma moet maar alleen gaan.

"Kom eet, Klein Leeu," roep sy ma hom. "Nee dankie, ek eet nie vleis nie," sê Klein Leeu bang. Hy hap maar aan 'n blaar.



Ma Leeu sug. "Dis reg, jy hoef nie vleis te eet nie. Eet maar 'n stuk wors."





"Dit sal ek doen," sê Klein Leeu. Hy lê weg en eet 'n groot stuk wors.







Gr 3 Huistaal werksboek.indd 39 2018/11/23 10:14 AM

## Woorde wat eindig op -ng en -nk



1. Sit die klanke -ng of -nk agteraan om 'n woord te maak.


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |  |
| ri___ | tro___ | pla___ | stri___ | ta___ | koni___ |



2. Benoem die prente. Watter klank hoor jy aan die **einde** van die woorde? Sê die klanke hardop. Sê ook elke woord se **meervoud** en **verkleinwoord** hardop en skryf dit in die regte blok. Kyk na die voorbeelde wat gegee word. Wat is die verskil tussen die -ng en nk-woorde?

| | Meervoud | Verkleinwoord | | Meervoud | Verkleinwoord |
|---|---|---|---|---|---|
|  | banke | bankie |  | | |
|  | | |  | | |
|  | | |  | | |

3. Verander die prentname na verkleinwoorde en maak verkleinwoordsinne. Sê eers elke verkleinwoordsin hardop vir jouself. Skryf daarna die **verkleinwoorde** in lopende skrif in die blokke. Dui by elke woord aan waar jy die woord in **lettergrepe** verdeel. Die eerste voorbeeld is vir jou gedoen.

a. Ek spring op die , want ek is bang vir die .

b. Ek het 'n mooi  en 'n  krale.

c. Ons teken 'n  van 'n .

| | | |
|---|---|---|
| ban/kie | | |
| | | |



Gr 3 Huistaal werksboek.indd 40 2018/11/23 10:14 AM

# Leesles, soeklees, werkwoorde en selfstandige naamwoorde en spreekwoorde

## Dinge wat jou sterk maak

Henk de Beer eet en eet. Hy eet lekkers en koek. Hy eet 'n pot vol pap. Hy is seker so sterk soos 'n leeu!

Haai nee, al is hy jonk is hy moeg en bleek. Sy wange blink van die vet. Hy is so dik soos 'n bus. Hy lê die hele dag op die bank. Hy is te moeg om te speel.

Kyk net vir Piet van der Vliet daar langs hom. Hy is so lank en maer soos 'n riet! Foei tog, ek dink Henk eet al Piet se kos op.

Maar nee, Piet laai sy bord vol kos. Hy eet vleis en kaas. Hy eet beet en kool. As hy lus is vir 'n lekker ding, smul hy aan 'n peer. Hy drink 'n glas water as hy dors is.

Hy is nooit moeg en vaak nie. Hy speel en sing die hele dag. Sy oë blink. Sy wange is rooi. Hy leer en let goed op in die klas. As die klok lui, spring hy flink op en gaan speel.

Ek wil nie so moeg wees nie! Ek wil ook soos Piet kan sing en speel. Ek wil ook blink oë en rooi wange hê.



1. Soeklees:
   - Trek 'n **groen** kring om al die woorde wat op 'n -nk eindig.
   - Trek 'n **rooi** streep onder al die woorde wat op 'n -ng eindig.
2. Hierdie woorde kom almal uit jou leesles. Kleur die blokke met **werkwoorde groen** in. Kleur die blokke met **selfstandige naamwoorde oranje** in.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| klas | speel | sing | kaas | vleis | drink | glas | water | eet | riet |

3. Verbind die **spreekwoord** met sy betekenis met 'n lyn.

| | | |
|---|---|---|
| a. | Botter kan nie in haar mond smelt nie! | Hy is baie skelm. |
| b. | Ek voel soos 'n vis op droë grond. | Sy hou haar onskuldig. |
| c. | Hy sal die melk uit jou koffie steel. | Ek is baie ongemaklik en ontuis. |

Skryf nou self wat hierdie spreekwoord beteken in drukskrif.

| | |
|---|---|
| Ek het botter aan my vingers. | |

4. Lees wat Piet vir Henk sê. Dink jy dat dit goeie raad is? Waarom sê jy so? Skryf jou antwoord in jou skryfboek.

Jong, ek dink jy moet die regte kos skool toe bring. Los maar die koek en lekkers. Eet liefs vleis en kaas. As jy vir nog iets lus is, eet rosyne en neute. Dan sal jy nie so moeg word nie. Jy sal sterk en fris word.

